Graad 6

6.1 Ons visie vir Graad 6

Hierdie gids vir Graad 6 is nie 'n beleidsdokument nie. Elke klas is anders, verskillende onderwysers bied vakke verskillend aan, en die riglyne wat hierin vervat is, is dus nie rigied nie.

Graad 6 is die laaste graad in die Intermediêre Fase. Ons poog om die Graad 6'e gereed te maak vir die Senior Fase (Graad 7-9) en hul leierskap te ontwikkel sodat hul gereed is vir Graad 7 en al die uitdagings wat dit bied. Daarom is beplanning en organisasie belangrike vaardighede wat kinders onder die knie moet kry teen die einde van Graad 6, sodat hulle bv self verantwoordelikheid neem vir voorbereiding vir hul toetse en take.

6.2 Assessering in Graad 6

(Sien asseblief die Akademiese en assesseringsbeleid op die webwerf vir meer besonderhede: http://www.jvrprim.co.za/files/Akademiese%20en%20Assesseringsbeleid.pdf)

Ons volg die amptelike beleid (KABV) se assesseringsprogram, maar by JVR doen ons ook méér assessering as wat vereis word deur die beleid, om sodoende 'n hoër standaard te bereik. Assessering is 'n integrale deel van die onderrigsiklus, omdat dit aan onderwysers uitwys waar daar probleme is wat aangespreek moet word.

Ouers kry elke kwartaal 'n deeglike uiteensetting waar die punt op die verslag vandaan kom. Elke Vrydagoggend is daar 'n periode wat gebruik word vir die formele assesserings. Dit kan óf 'n toets, óf 'n taak wees. Vir die take wat tydens die toetsperiodes gedoen word, ontvang die kinders die opdrag (sowel as die aspekte wat geassesseer gaan word) sowat 'n week voor die tyd, en moet hulle dan inligting insamel om saam te bring en die taak tydens die toetsperiode te doen. Die inligting wat ingewin word moet in Afrikaans wees, aangesien daar nie tyd is vir vertaling in die toetsperiode nie.

6.3 Huiswerk in Graad 6

Volgens die JvR huiswerkbeleid kry kinders in Graad 6 maksimum 'n uur se huiswerk elke middag. Dit mag dalk meer of minder wees, aangesien vakonderrig gegee word en leerders nie elke dag al die vakke het nie. Geen huiswerk word op Donderdae gegee as daar 'n formele assessering plaasvind die volgende dag nie.

Dit is baie belangrik dat kinders aangemoedig word om in die klas te fokus, en soveel as moontlik van hul werk in die klas te doen. Baie van die huiswerk kan sodoende selfs in klastyd afgehandel word – daar is heelwat kinders wat dit regkry!

Dit is belangrik dat kinders elke dag die huiswerk afskryf (al is dit ook op Kommunikator), want dis die enigste manier hoe hulle self verantwoordelikheid kan neem vir die voltooiing van die huiswerk.

Onderwysers kontroleer dat huiswerk wel gedoen is, maar merk dit nie formeel nie. Die huiswerk word in die klas gemerk deur die kinders onder leiding van die onderwyser, en hulle bring dan veranderinge en verbeteringe aan.

6.4 Ouers se rol in Graad 6

Ouers moet in Graad 6 'n ondersteunende rol speel en nie 'n leidende rol nie – dit is t.o.v huiswerk en take. Die volume werk raak baie meer in hierdie graad en die kinders moet poog om onafhanklik te studeer en slegs ouers se hulp inroep vir afronding of ondersteuning.

Dit is baie belangrik dat take wat by die huis gedoen word, deur die kinders self gedoen word. Niemand verwag werk van universiteitstandaard van Graad 6-kinders nie. Dit is duidelik wanneer ouers die take namens hul kinders doen, en dit is regtig nie wenslik nie, aangesien die kinders dan niks geleer het uit die proses nie, en nie vorder in hul reis na selfstandigheid nie. Selfwerksaamheid is een van die belangrikste lewensvaardighede wat daar is, en is al in navorsing as die deurslaggewende eienskap van suksesvolle tersiêre studente uitgewys.

Ouers kan wel help met voorstelle, kan help rigting gee deur 'n paar sleutelvrae te vra, en kan help met afronding soos proeflees.

Ouers speel ook 'n belangrike rol in die aanleer van beplanning en organisasie. Sit bv die taak- en toetsrooster op die yskas, en monitor dat die beplanning wel gebeur - sonder om die beplanning oor te neem.

6.5 Kinders se rol in Graad 6

In Graad 6 moet kinders volle verantwoordelikheid neem vir take en toetse. Hulle moet georganiseerd wees en goed beplan om onnodige spanning te vermy.

Kinders moet fokus tydens klastyd, en soveel as moontlik werk daar voltooi.

Dit is belangrik dat Graad 6'e die selfvertroue ontwikkel om te sê as hulle werk nie verstaan nie – onderwysers moedig dit aan.

6.6 Onderwysers se rol in Graad 6

Onderwysers in Graad 6 poog om die kinders uit te daag om die beste te wees wat hul kan wees.

Ons verwag van die kinders om respek vir hulself, hul omgewing en ander te hê.

Ons poog om in alle vakke aanvullende bronne te gebruik om sodoende leer te verbeter en dit genotvol te maak.

6.7 Addisionele klasse in Graad 6

Die standaard by JvR is reeds hoog, en ekstra klasse as 'n reël is dus nie nodig nie. Van die buite-kurrikulêre akademiese programme plaas druk op die kinders, en beklemtoon vaardighede wat nie regtig van belang is in die laerskool nie (bv werk teen tyd).

Ekstra klasse in Wiskunde sal gekommunikeer word.

Leesbegrip is 'n groot probleem vir party Graad 6'e. Dit affekteer hul vermoë om in alle vakke te presteer – selfs Wiskunde waar daar baie woordprobleme is, en dikwels die swak lesers kelder. Leesbegrip word in die Afrikaanse klas aangespreek deur 'n groot klem op leesbegrip en -vlotheid te plaas. Indien daar 'n ernstige leesprobleem is, sal die ouers gekontak word.

6.8 Die kurrikulum in Graad 6

Ons volg die nasionale kurrikulum, maar elke vakonderwyser gee ook aanvullende werk vir verryking en beter onderrig.

Volgens die KABV is daar ses vakke in Graad 6:

6.8.1 Afrikaans Huistaal

Ons gebruik die *Platinum*-handboeke met aanvullende notas en materiaal. Daar word gefokus op die volgende areas:

- **Luister en Praat**: Hierdie vaardighede word deurentyd onderrig en getoets. Daar word ten minste een formele luister- en mondelinge assessering per kwartaal gedoen. Graad 6'e kry die geleentheid om hul tuis voor te berei vir die mondeling/rolspel/boekverslag/aanbieding. Die ouer moet eerder 'n ondersteunende rol speel as 'n leidende rol. 'n Matriks word gegee wat presies aandui wat geassesseer gaan word.
- **Lees**: Verskillende tekste word gebruik. Voorbereide of onvoorbereide lees word elke kwartaal geassesseer. Kinders word aangeraai om 'n minimum van ten minste een goeie Afrikaanse boek per kwartaal te lees. Soms word hierdie boek ook gebruik vir 'n mondelinge of skriftelike boekverslag. Lees word aangemoedig – minimum van 'n halfuur per dag! Begripslees van 'n verskeidenheid tekste word gewoonlik ingesluit by alle toetse en eksamens.
- **Skryf**: 'n Minimum van twee formele assesserings van verskillende tekste word elke kwartaal gedoen. Die kinders voltooi hierdie take in die klas en ouers mag geen rol hierin speel nie. Verskeie ander skryftake word in die klas gedoen – ouers kan gerus hier help met redigering sodat hulle 'n ondersteunende rol kan speel in die ontwikkeling van die kind se skryfvermoë. Die skryf van gedigte maak ook 'n genotvolle deel uit en hier kan ouers gerus 'n ondersteunende rol speel. Die kinders geniet dit vreeslik!
- **Taalstrukture en konvensies**: Daar word elke kwartaal ten minste twee formele assessering gedoen, hetsy 'n toets of eksamen. Al die belangrike notas wat hulle nodig het vir hul voorbereiding is in hul Kominpas/Belangrike Notas-Boek. Leerders skryf gereeld speltoetse. Hierdie punt maak deel uit van die rapportpunt. Spel speel 'n kardinale rol in die ontwikkeling van skryf. Ouers se aanmoediging vir goeie voorbereiding is kardinaal.

Die volgende boeke en portefeuljes word ingespan:

- **Portefeulje**: Alle formele assessering word in die klas gestoor. Ouers is altyd welkom om te kom kyk daarna tydens pertefeulje aande. Die memorandums van toetse word deeglik behandel en verbeteringe word aangebring sodat dieselfde foute nie weer gemaak word nie.
- **Klaswerkboek**: Alle werk, behalwe opstelle, wat in die klas gedoen word wat nie formeel geassesseer word nie, word in dié boek gedoen. Graad 6'e merk hul eie werk of 'n maat se werk (antwoorde word gegee) en die onderwyser kontroleer die boeke. Baie klem word gelê op die raaksien van jou eie foute en die verbetering daarvan.
- **Skryfboek:** Skryfwerk word in hierdie boek of soms klaswerkboek gedoen. Nie vir formele assesserings nie. Spelfoute moet verbeter word.
- **Belangrike Notas:** Notas vir die voorbereiding vir toetse of eksamens word in hierdie boek geplak of geskryf.
- **Kominpas Handboek:** Addisionele handbook wat leerders self moet aankoop. Gebruik Gr.5 to Gr. 7.

6.8.2 Engels Eerste Addisionele Taal en Huistaal

The English programme is designed to develop critical and creative thinkers – young people who are able to become confident leaders in society. The aim is to create a supportive environment where each learner will be valued and respected individually. Our learners must be empowered to communicate with confidence in a changing and challenging world.

We strive to create a classroom environment that promotes the full personal and academic development of all learners, regardless of race, class, gender, disability, religion, sexual preference, learning styles and language. The English Department will ensure that learners meet and exceed the required standards through structured and organised lessons. Our aim is to provide a basis for various language activities and to introduce the necessary language skills to enhance sound creative thinking.

Laerskool Jan van Riebeeck offers English at First Additional Language level in Grades 1-4, and English Home Language and English First Additional Language from Grades 5-7. The top performing Grade 4 learners are formally assessed according to the CAPS guidelines to determine the candidates for English Home Language in grade 5.

English Home Language is a complementary subject which provides additional opportunities for specific learners at a more challenging pace. This subject raises the expectations in terms of the number and complexity of tasks to be completed, as the year progresses.

English consists of the following skills:

- **Listening & speaking:** Listening and speaking incorporates a wide range of text types, such as newspaper articles, biographies, dialogues, plays and folklore. Learners are encouraged to listen to different kinds of oral texts and respond appropriately. They also actively participate in conversations and discussions. Learners use interaction skills and strategies to work in groups independently.
- **Reading and viewing:** Children get the opportunity to view and comment critically and independently on various visual and multi-media texts. They will learn to identify and discuss the key features of good writing such as central idea, characters, setting and plot. They are encouraged to demonstrate independent reading (reading widely for pleasure, information and learning).

- **Writing and presenting:** The learners write different kinds of texts for different purposes and audiences and they are motivated to develop and organise ideas through a writing process. Writing and Presenting is one of the key factors where they will use language to think, reason, investigate and explore.
- **Language structures and conventions:** Language learning should be a natural process, involving many opportunities to practice and produce the language. Language structures and conventions are taught in context and are integrated with the other language skills. Learners become familiar with the language rules, grammar, word-level work and sentence-level work as identified in the CAPS.

Lessons can cover one single activity or a series of activities. Different texts are used as a basis for designing the two-week teaching cycle. They have been selected on the basis of how they link together to form an integrated unit, for example the children will listen to a story and then a read story. They will be asked to write a short oral description of a place or person (that will link to the story) or they might be asked to write a letter to a character in the story. A theme or topic for each two-week cycle will be selected to link the activities successfully. The reason for using themes or topics is to make it possible to constantly recycle vocabulary and language structures in meaningful contexts.

Homework will be given on an ongoing and balanced basis and must be taken very seriously. This will enhance continuous language development.

All comprehension assessments are conducted according to the Barrett's cognitive guidelines for languages. English is a challenging subject which requires constant hard work. A conscientious effort applied consistently by the learner during the term will lay a sound foundation in preparation for these assessments. Parents are requested to assist *only when specified by the teacher*. It is important for learners to work independently on a project in order to give a true assessment.

Various components are used together to consolidate the key language skills and to ensure full curriculum coverage. The main components are:

- *English Handbook and Study Guide. Home language and First Additional Language,*
- *Oxford English for Success* (Home Language): Reader and Learner's Books
- Various other classroom-based supplementary materials are available and are used (e.g. dictionaries, the Internet, newspapers).

6.8.3 Wiskunde

In Wiskunde word 'n eie, gespesialiseerde taal gebruik wat simbole en notasies behels om numeriese, meetkundige en grafiese verwantskappe te beskryf. Wiskunde is 'n menslike aktiwiteit wat die volgende behels: Waarneming, voorstelling en ondersoek van patrone, en kwantitatiewe verwantskappe in fisiese en sosiale verskynsels, asook tussen wiskundige voorwerpe self. Deur hierdie proses word nuwe wiskundige idees en insigte ontwikkel.

Wiskunde in die Intermediêre Fase bestaan uit vyf inhoudsareas, wat elk 'n sekere gewig dra ten opsigte van die totale vak:

- Getalle, Bewerkings en Verwantskappe: 30%
- Patrone, Funksies en Algebra: 25%

- Ruimte en Vorm (Meetkunde): 25%
- Meting: 10%
- Datahantering: 10%

Volgens die gewigstoekenning word die werk verder in kognitiewe vlakke verdeel:

- Kennis: 25%
- Roetine prosedures: 45%
- Komplekse prosedures: 20%
- Probleemoplossing: 10%

Graad 6 is die einde van die Intermediêre Fase, en soos die vorige jare word werk aangepas en groter getalle word gebruik. Die konsepte van die werk volg op mekaar vanaf Graad 4. **In Graad 6 word daar 'n paar nuwe konsepte aangeleer wat nie in die vorige grade hanteer word nie, daarom is dit van uiterste belang dat kinders die grondslag van alle afdelings sal inoefen en bemeester.**

Alle formele assesserings word self deur die onderwyser nagesien en opgeteken vir doeleindes van bevordering. Wiskunde is dan ook een van die vakke wat kinders moet deurkom om te kan vorder na die volgende graad. Die minimumvereiste vir slaag is 40%.

Graad 6'e kry so min as moontlik huiswerk aangesien daar in die klas tyd gegee word vir die inoefening van 'n sekere konsep. Indien die helfte klaar is, is die res vir huiswerk. Hulle word aangemoedig om die tyd in die klas ten volle te benut. Graad 6 is belaai met werk en kinders kan nie agter raak nie. Indien daar probleme is, kan dit baie vroeg geïdentifiseer word en ekstra aandag kan aan daardie spesifieke afdeling gegee word.

Dit is hulle verantwoordelikheid om huiswerk van die bord af te skryf. Dit is dan juis in hierdie tyd waar die onderwyser ekstra sal verduidelik indien 'n kind 'n probleem ervaar. Dit vind dan 1 tot 1 plaas. Werk word gewoonlik die volgende dag deurgegaan en die kinders merk hulle eie boeke en skryf die korrekte antwoorde neer in 'n ander kleur. Indien 'n ouer wil hê dat daar nog werk gegee moet word, word vorige AMESA en Living Maths-vraestelle ten sterke aanbeveel.

Alle werk word gemerk en dit is die kind se verantwoordelikheid om uit te vind wat gedoen moet word indien hy/sy afwesig is.

Dit is baie belangrik dat kinders nie sal huiwer om vrae te vra nie. Ons moedig hulle aan om buite die boks te dink en te probeer en om alle werk se bewerkings te wys. Hulle kan dan duidelik sien waar hulle fouteer het en dit kan reggestel word.

Vir verryking word daar gebruik gemaak van AMESA en Living Maths asook die WKOD se kompetisie. Almal skryf rondte 1 se vraestel van al drie dié kompetisies. Daarná word dié wat kwalifiseer, aangemoedig om aan te gaan na die volgende rondte.

Alle Graad 6-leerders in Suid-Afrika skryf ook gewoonlik in September die JNA's (Jaarlikse Nasionale Assessering) om te bepaal watter werk hulle bemeester het tydens die jaar, en om nasionale statistiek te verkry. Die doel is om te bepaal hoe goed Graad 6-leerders die fase se werk kan onthou en doen. In die 4de kwartaal vind die WKOD se sistemiese toetse plaas wat aandui hoe ons skool doen in vergelyking met ander skole in die provinsie.

Met alles in ag genome word daar ruim geleentheid geskep vir u kind om nie bang te wees vir Wiskunde nie, maar om dit te geniet en om die waarde daarvan te kan herken in hul leefwêreld.

6.8.4 Natuurwetenskappe en Tegnologie (NWT)

NWT is 'n lywige vak. Die kurrikulum word ondersteun en uitgebrei met die onderwyser se eie notas. Hierdeur word die kinders goed voorberei vir Graad 7 en dan ook Graad 8 se NW. Kinders word gemotiveer om baie vrae tydens klasgesprekke en -tyd te vra omdat dit hulle help om hul denke uit te brei en te vernuwe. Ekstra kennis word dan op hierdie manier vasgelê en ontwikkel.

'n Taak of projek word elke kwartaal gegee saam met 'n formele toets/eksamen. Soms word dit duidelik gemaak dat die ouers wel betrokke mag wees by sekere aspekte van die take omdat daar so min tyd gedurende klastyd is. Gr,6 Take gaan sover moontlik in klastyd voltooi word. Ouers mag egter onder geen omstandighede die taak namens hul kinders doen, of iemand anders betaal om dit te doen nie. Daar is geen opvoedkundige waarde daaraan om dit te doen nie.

Ons doen gereeld eksperimente tydens klastyd om die werk op 'n praktiese manier te wys en dan te bespreek.

Toetse bestaan uit verskillende vlakke van vrae. Die kognitiewe vlakke in Blooms se taksonomie word gebruik om die kinders op alle vlakke te ontwikkel en dit verseker dat ons hulle nie soos papegaaie grootmaak nie. Insig-, toepassing- en algemene kennisvrae word in NWT-toetse en eksamens gevra.

Omdat NW die inhoudsvak met die meeste leerwerk of inhoud is, word dit aanbeveel dat kinders daagliks of weekliks hul notas op datum bring en vroegtydig begin leer vir 'n toets. Klastoetse word so gereeld moontlik in die klas geskryf om vaslegging en hersiening te verseker vir toetse en dan uiteindelik die eksamen. Aantekeninge tydens klastyd asook daaglikse opsommings van die dag se bespreking is van kardinale belang vir vaslegging en hersiening. Dit word aanbeveel dat ouers steeds by die huis voor 'n toets vir hul kind vrae vra, maar dat die kind die antwoorde dalk neerskryf, aangesien hulle toetse en eksamens skriftelik moet beantwoord. Dit help die kinders om te dink oor hoe die antwoord geformuleer moet word en skryfspoed word ook verbeter.

Die belangrikste van NWT in Graad 6 is dat 'n liefde vir die vak so geskep moet word sodat die kinders in verwondering oor hul leefwêreld moet staan. Die kinders word aangemoedig om dit wat in die klas bespreek word te gaan deel by die huis sodat die hele huishouding (hoe lekker of sleg ookal) betrokke kan word. Sodoende kry die kinders, onwetend, die kans om hul werk van die dag vas te lê.

6.8.5 Natuurwetenskappe en Tegnologie (NWT)

NWT is 'n lywige vak. Die kurrikulum word ondersteun en uitgebrei met die onderwyser se eie notas. Hierdeur word die kinders goed voorberei vir Graad 7 en dan ook Graad 8 se NW. Kinders word gemotiveer om baie vrae tydens klasgesprekke te vra omdat dit hulle help om hul denke uit te brei en te vernuwe. Ekstra kennis word dan op hierdie manier vasgelê en ontwikkel.

'n Taak of projek word elke kwartaal gegee saam met 'n formele toets/eksamen. Gr.6 take gaan sover moontlik in klastyd voltooi word. Ouers mag egter onder geen omstandighede die taak namens hul kinders doen, of iemand anders betaal om dit te doen nie. Daar is geen opvoedkundige waarde daaraan om dit te doen nie.

Ons doen gereeld eksperimente tydens klastyd om die werk op 'n praktiese manier te wys en dan te bespreek.

Toetse bestaan uit verskillende vlakke van vrae. Die kognitiewe vlakke in Blooms se taksonomie word gebruik om die kinders op alle vlakke te ontwikkel. Insig-, toepassing- en algemene kennisvrae word in NWT-toetse en eksamens gevra.

Omdat NWT die inhoudsvak met die meeste leerwerk of inhoud is, word dit aanbeveel dat kinders daagliks of weekliks hul notas op datum bring en vroegtydig begin leer vir 'n toets. Klastoetse word so gereeld moontlik in die klas geskryf om vaslegging en hersiening te verseker vir toetse en dan uiteindelik die eksamen. Aantekeninge tydens klastyd asook daaglikse opsommings van die dag se bespreking is van kardinale belang vir vaslegging en hersiening. Dit word aanbeveel dat ouers steeds by die huis voor 'n toets vir hul kind vrae vra, maar dat die kind die antwoorde dalk neerskryf, aangesien hulle toetse en eksamens skriftelik moet beantwoord. Dit help die kinders om te dink oor hoe die antwoord geformuleer moet word en skryfspoed word ook verbeter.

Die belangrikste van NWT in Graad 6 is dat 'n liefde vir die vak so geskep moet word sodat die kinders in verwondering oor hul leefwêreld moet staan. Die kinders word aangemoedig om dit wat in die klas bespreek word gaan deel by die huis sodat die hele huishouding (hoe lekker of sleg ookal) betrokke kan word. Sodoende kry die kinders, onwetend, die kans om hul werk van die dag vas te lê.

6.8.6 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Aardrykskunde)

Die vak Sosiale Wetenskappe (SW) bestaan uit Geskiedenis en Aardrykskunde. Hierdie vakke word afsonderlik aangebied. Alhoewel hierdie vakke apart aangebied word, vul hulle mekaar aan. Assesseringspunte word afsonderlik vir elke vak op die rapporte aangedui, tesame met `n gekombineerde punt, naamlik Sosiale Wetenskappe.

Sosiale Wetenskappe is inhoudsvakke wat daarop gerig is om geleenthede te verskaf vir kinders om met nuwe oë na hul wêreld te kyk. Hulle word aangemoedig om deel te neem aan klasbesprekings ten einde inklusiwiteit in die klaskamer te bevorder en by ander te leer.

Graad 6'e het slegs een periode per week Aardrykskunde en een periode per week Geskiedenis. Indien daar huiswerk gegee word, is dit eers vir wanneer hul weer daardie spesifieke vak het en nie noodwendig vir die volgende dag nie. Die hoeveelheid huiswerk wat hulle kry, sal van kind tot kind verskil. Klaswerk wat nie tydens klastyd voltooi word nie, word ook huiswerk. Met ander woorde; `n kind wat sy/haar klastyd benut sal minder huiswerk hê as `n kind wat nie in die klas werk nie, of wat teen 'n stadiger pas werk

Vir beide Aardrykskunde en Geskiedenis word formele assesserings elke kwartaal vereis. Formele assesserings sluit die volgende in: Projekte, take, gevallestudies, toetse en eksamens. Hierdie assesserings wissel kwartaalliks afhangende van wat die KABV-beleid vir daardie spesifieke leerarea vir daardie spesifieke kwartaal vereis.

Meeste van die assesserings word tydens klastyd gedoen. Kinders ontvang vroegtydig hul take/projekte saam met die datum waarop dit in die klas gedoen word. As hulle onvoorbereid skool toe kom sonder al hul inligting, gaan hulle nie genoeg tyd hê om hul opdrag te voltooi nie. Al die kinders kry dieselfde hoeveelheid tyd om aan hul opdrag te werk. Indien iemand afwesig is tydens

die assessering (gevallestudie/take/projek/toets) moet hulle dit op `n Donderdag na skool doen by die onderwyser wat aan diens is vir toesig.

Sosiale Wetenskappe is inhoudsvakke wat beteken dat kinders vroegtydig moet begin leer vir toetse en eksamens. Toets- of eksamenvraestelle word nie huistoe gestuur nie. Na elke toets/eksamen word die vraestel en antwoordstel deeglik met die klas bespreek sodat hul presies kan weet waar hul punte verloor het. Antwoordstelle word slegs tydens Portefeuljeaande beskikbaar wees om deur te kyk.

6.8.7 Lewensvaardighede: Persoonlike en Sosiale Welsyn

Lewensvaardighede is ‘n vak wat bestaan uit die volgende studievelde: Persoonlike en Sosiale Welsyn (PSW), Liggaamlike Opvoeding en Skeppende Kunste (sien die Inleiding tot hierdie gids vir laasgenoemde twee). Die punte van dié drie velde word saam gekombineer vir die rapportpunt vir Lewensvaardighede. PSW word opgedeel in drie onderafdelings naamlik; ontwikkeling van die self, gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid en sosiale verantwoordelikheid.

1) Die vak Persoonlike en Sosiale Welsyn (PSW) is die studie van die self in verhouding tot die omgewing en die gemeenskap. PSW voorsien geleenthede aan die kinders om lewensvaardighede te beoefen wat benodig word om ingeligte besluite te neem ten opsigte van persoonlike leefstyl, gesondheid en sosiale welstand.

Kinders word aangemoedig om deel te neem aan die klasbesprekings tydens PSW. Daar word soveel as moontlik geleenthede aan hulle gegee om hul opinies met mekaar te deel, keuses te maak en hul eie menings te lig. Interaktiewe leer word aangemoedig om `n inklusiewe atmosfeer in die klaskamer te skep.

Aktiwiteite (huiswerk) word meestal in die klas gedoen waar toesig gehou en gemerk kan word met `n klasbespreking wat daarop volg.

Formele assesserings word kwartaalliks vir PSW vereis. Formele assesserings sluit die volgende in: Projekte, take, toetse, gevallestudies en eksamens. Hierdie assesserings wissel kwartaalliks afhangende van wat die KABV-beleid vir daardie spesifieke leerarea vir daardie spesifieke kwartaal vereis.

2) Leerders kry ‘n praktiese punt vir LO.

3) Leerders kry ‘n gekombineerde punt vir Drama en Kuns wat saam Skeppende Kuns vorm.

In Graad 5 en 6 word kinders voorberei vir die Senior Fase. Hulle word aangemoedig om onafhanklik te wees en om self verantwoordelikheid te neem ten einde selfstandig te wees. Daarom word meeste van die assesserings tydens klastyd gedoen. By elke taak/projek word dit duidelik gemaak by watter aspekte van die projek/taak die ouers betrokke mag wees. Ouers moet dus `n ondersteunende rol speel en nie `n leidende rol nie. Leerders moet aangemoedig word om self hul huiswerk en take te doen. Ouers se hulp kan ingeroep word vir ondersteuning en afronding.

Assesserings wat take en projekte insluit word soms ook by die skool gedoen, en daarvoor ontvang kinders vroegtydig hul opdragte, sowel as die datum waarop dit in die klas gedoen word. Kinders wat nie voorbereid skool toe kom met al hul inligting ens. nie, gaan nie genoeg tyd hê om hul opdrag te

voltooi nie. Almal kry dieselfde hoeveelheid tyd om aan hul opdrag te werk. Indien iemand afwesig is tydens die assessering (gevallestudie/take/projek/toets) moet hulle dit op `n Donderdag na skool doen by die onderwyser wat aan diens is vir toesig.

Vraestelle word nie huistoe gestuur nie. Na elke toets/eksamen word die vraestel en antwoordstel deeglik met die kinders bespreek sodat hul presies kan weet waar hul punte verloor het. Ouers kry tydens portefeuljeaande die geleentheid om na kinders se assesserings te kyk.